

## Die kultuurskeppende funksie en magiese ruimte van spel in letterkunde – Elizabeth Viljoen

Die ikoniese konsep van die spelende mens (Homo Ludens)—soos verwoord deur die Nederlandse kultuurfilosoof Johan Huizinga—vind uitdrukking in die narratiewe struktuur van verskeie Nederlandse en Afrikaanse literêre tekste. Spel het volgens Huizinga (1949:4) bestaan voordat kultuur self bestaan het, gaan gepaard met kultuur en deurdring kultuur van die vroegste tye af. Binne 'n speelruimte kom 'n spelgemeenskap tot stand wat die magiese gevoel behou selfs nadat die spel gespeel is (Huizinga 1949:12-13).

"Het spel bindt en verlost. Het boeit. Het bant, dat wil zeggen betoovert," (Huizinga 1951:38).

Die belangrikheid van die ludieke beginsel vir literêre ontleding word beklemtoon deur die feit dat 'n uitgawe van Yale French Studies in 1968 daaraan gewy is. Volgens Ehrmann (1968b:55) kan die speler—wat verwys na die spelende karakter, die skrywer en die leser—ook gespéél word, as 'n voorwerp in die spel: "[T]he player can be its stakes (enjeu) and its toy (jouet)."

Die beskrywing en interpretasie van spelmerkers in *De goede zoon* (2018) van Rob van Essen en Klimtol (2013) van Etienne van Heerden lei daartoe dat nie net die narratiewe struktuur nie, maar ook die literêre teks as 'n vorm van kultuurskeppende spel beskou kan word.

Die fokus in hierdie aanbieding sal val op die moontlikheid dat die skrywer ook 'n speler is en die tekste gevolglik die (kultuurskeppende) triek is wat vir die leser uitgevoer word. Ter inleiding word Klimtol bespreek as 'n ode aan spel, trieksters en trieks. Die spelende romankarakter Ludo Loeloeraai en die Antieke Griekse beginsel van "Die Groot Goedheid" word in die bekroonde Afrikaanse roman ondersoek. Verder word die "Queestemotief," die karnavaleske en die rol van skaak in die bekroonde Nederlandse roman bestudeer. Laastens word die rol van die leser in die magiese ruimte van die leesspel beskou.